ETIENNE VAN HEERDEN KYK TERUG EN VORENTOE

Van studentespioene…

Roman gaan haal hulle in S'bosch

AJ Opperman

Etienne van Heerden beskou sy jongste roman, *Diereriem*, as 'n "whydunit" eerder as 'n "whodunit".

Verskeie genres word daarin saamgevoeg, maar dit is vir eers literêr 'n spioenasieverhaal en delf diep terug na Van Heerden se universiteitsjare in Stellenbosch.

"In die regsfakulteit, maar ook in my tyd toe ek aktief was in die studentejoernalistiek. Die verligte – dit was die term destyds – Afrikaanse studente is fyn dopgehou deur die owerhede. Dit was natuurlik vir die regime belangrik dat die wit Afrikaanse geledere nie moet verkrummel nie. Oral was sogenaamde *informers*, studentespioene, op die loer en terugrapporteer. Dit is waar die hoofkarakter van *Diereriem* ingekatrol is as Diereriemer, oftewel studentespioen."

Diereriem, wat onlangs by Jonathan Ball verskyn het, handel oor drie mans wat as inwoners van die manskoshuis Wilgenhof aan die Universiteit Stellenbosch (US) gewerf is om vir die apartheidsregering te spioeneer en aan regeringsagente moet verslag doen. Diereriem is die naam wat hulle vir hulself gegee het.

Een van hulle is die hoofkarakter, die introvert Antonie Vermeulen, met die bynaam Muskeljaatkat, wat die verhaal vertel en regstreeks met die leser in gesprek tree. Die ander lede was Jannie Benade (wat ook Alfa genoem word), wat later 'n welgestelde sakeman word, en Carl Goedhals, wat later 'n huurmoordenaar word agter die dekmantel van restaurateur in die Tuinroete.

"Maar die roman gaan ook oor die politieke en sosiale klimaat, destyds, op Stellenbosch en in Suid-Afrika," sê Van Heerden. "Oor 'n benouende samelewing, en hoe die drie Diereriemers die establishment se grense toets in verset teen bekrompenhede, en hoedat dit – in hul latere loopbane – mettertyd verloop in die sfeer waar staatsveiligheidsprojekte en kriminaliteit verknoop."

Volgens Van Heerden is *Diereriem* ook 'n beskouing van die huidige wêreld.

"Die kwale, paranoia, oortredings en stryde, en een mens – die hoofkarakter Muskeljaatkat – se soeke na vergifnis en vrede.

"Die boek is ten slotte 'n verkenning van oortreding, skuld, belydenis, en 'n vraag na die moontlikheid van vergifnis – wat as uitdaging aan die leser gerig word.

"Kan jy as leser hierdie skarminkel vergewe? Verstaan jy waarvandaan hy en sy soortgenote kom? Dis dus geen politiek korrekte teks vir mense in katkisasierokkies en -broekies nie.

"Dit werk met 'n hárde wêreld en dit word gesê soos dit is."

Diereriem is ook 'n belydenisroman, en Van Heerden beskou die twee liefdesverhale as die mooiste deel van die boek.

"Muskeljaatkat se skunnige sekskapades met die fliekbedryfintimiteitskoördineerder Liefdekin Streuvels is natuurlik geen liefdesverhaal nie – dis gewoon erotiek, boonop op 'n lui Mediterreense vissersdorpie.

"Dis natuurlik ook 'n storie wat diep delf in die roeringe van die gees, en wat religie en mistisisme ondersoek; op onverwagse plekke, in onverwagte geselskap. Watter invloed het dit op die hoofkarakter? Die leser wat in sulke sake geïnteresseerd is, moet maar self besluit."

Daarbenewens is *Diereriem* 'n reisverhaal. Antonie is 'n reisagent-toerleier en in die roman word daar word by verskeie plekke, soos Turkye, die Victoria-waterval, Lissabon en Marseille, aangedoen. Antonie se werk is inderwaarheid 'n dekmantel vir sy eintlike bedrywighede.

"Hy is immers 'n operateur wat enigiets sal doen vir wie ook, solank hy maar betaal word … en hier trek hulle hom amper vas, in 'n toneel waar die lemoene nes poppe dans!"

Antonie spreek die leser regstreeks aan asof hy die heeltyd 'n belydenis aflê.

"Die retoriese tegniek wat gebruik word, of dan die kontrak wat die teks met die leser aangaan, is dat die leser deurentyd in die tweede persoon deur die verteller Muskeljaatkat aangespreek word. Die boek is 'n belydenisroman, en hy rig 'n appèl aan die leser: Kan jy, leser, my vergewe?"

Daar is 'n deel, waar Antonie in die Karoo oornag, wat soos 'n reisjoernaal lees.

"In *Diereriem* word die hede en verlede verweef, en inaggenome wat die drie universiteitsvriende ervaar en aanvang, is daar uit die verlede te leer, maar terselfdertyd kan foute uit die verlede maklik herhaal word.

Dis of Antonie die ganse wêreld deur 'n venster waarneem terwyl hy 'n belydenisroman skryf waarin alles neerslag vind.

Antonie skryf onder meer: "Woorde vlieg weg, maar wat geskryf is, bly." Antonie interpreteer dinge in 'n wêreld vol ontvouende gebeure.

"Uit die aard van sy werk as operateur is Antonie fyn ingestel op die tydsgees," sê Van Heerden. "Sy bynaam is Vlieg-oog, en hy neem met 'n duisend oë waar. As reisagent is hy ook oop-oog oor die wêreldstede waardeur hy reis, en fyn ingestel op detail – sowel die verruklike as die aaklige.

"Hy is iemand wat gelaagd ervaar, om dit só te stel. Moenie 'n eenvoudige sedelessie verwag wanneer jy as leser deur Muskeljaatkat se vliegoog kyk nie.

"Hy is ook wreed besig met homself.

"Interessanter as hoe ek voel, is hoe die skrywende Muskeljaatkat in sy belydenisvertellinge die geweld van skryf, die meedoënloosheid en konfronterende aard daarvan, ervaar.

"Laat dit hom ten slotte in 'n sterker plek, ná die mag en geweld wat hy al belydend op homself uitgeoefen het, sonder aansiens des selfs? Die leser moet besluit."

Uiteraard weerspieël die roman dele en omstandighede in die wêreld.

"My ervaring is heeltemal iets anders as dié van my hoofkarakter; hopelik besef elke leser dit," sê Van Heerden. "Dit gaan by 'n boek maar eintlik oor hoe die karakter dinge sien en ervaar. En karakters in stories dink nie in genre-terme nie.

"Hulle gaan deur handelinge, dink en sê dinge en lewe in 'n storiewêreld.

"Dis eers agterna dat ons as lesers, ek inkluis as leser van my eie teks, na die boek kyk en om onsself veiliger te laat voel 'n handvatsel of handvatsels soek om die teks mee te hanteer, dat genres ter sprake kom.

"Ons sien die storie dan deur lense: Ah, dis 'n liefdesverhaal!

"Of: O, dis 'n spioenasieriller!

"Dis als pogings om te kategoriseer en sin te gee. Ek glo dié roman verg egter vele lense waardeur jy hom moet lees."

Van Heerden het dit nie as 'n sprong ervaar om 'n spioenasieriller te skryf nie.

"Vir my is die boek maar net nog een van my boeke. Die sprong sal moet kom as ek 'n gewone resepmatige spioenasieverhaal moet skryf, iets meer gestroop en eenvoudiger, met minder gelaagdheid en menslike kompleksiteit. Maar dis nie my nering of enigsins my belangstelling nie."


Diereriem is 'n fiktiewe verhaal, maar sowel kennis as insig kom in die narratief voor, asook 'n skeut aktualiteit en feite.

"Die boek is 'n soort New Journalism. In die sin dat dit wemel van feite, dat dit diagnoses van historiese tydperke maak, van die tydsgees van elke tydperk, en veral die kwale van ons huidige tyd. Of alle lesers als as insigte sal sien, val te besien.

"Dalk lees hulle en dink: Watter waninligting! Dis nooit soos dit was of is nie! Só loop elkeen van ons met die lig wat ons het.

"En loop die karakters in *Diereriem*, elk met die lig wat hy of sy het…"

– aj.opperman@24.com



Etienne van Heerden Foto: VERSKAF

Kapenaar John Meyer slaan 'boerpot' los met R6 miljoen op veiling

Te oordeel na 'n rekord-veilingbedrag vir 'n skildery deur die Kaapstadse kunstenaar John Meyer is kopers steeds bereid om hul hande baie diep in die sak te steek vir goeie kuns.

Meyer was nie die enigste kunstenaar wat die spreekwoordelike "boerpot" geslaan het nie; 'n werk van Irma Stern is ook vir 'n rekordbedrag verkoop.

Luidens 'n mediaverklaring deur die afslaer Strauss & Co is Meyer se *Odysseus*, 'n nagtoneel in akriel, vir R5 947 500 ($350 481) aan 'n telefoniese bieër verkoop.

Dit is die derde hoogste bedrag wat op 'n veiling in Suid-Afrika vir 'n werk deur 'n lewende Suid-Afrikaanse kunstenaar betaal is.

Marlene Dumas en William Kentridge se werke het voorheen hoër pryse behaal.

Die prys van 'n belangrike stillewe deur Irma Stern is op dieselfde veiling op 17 November deur 13 botte tot R8 578 125 ($505 502) opgejaag. *Still Life with Strelitzias, a Songe Mask and a Songe Nkisi Figure* uit Wilbur Smith se versameling is in 1946 geskilder en in 1947 as *Souvenir de Congo* in Parys uitgestal.

Die afslaer se aandveiling het werke van belangrike historiese skilderye tot kontemporêre beeldhouwerk, fotografie en werke op papier gebied, sê Alastair Meredith, direkteur en wêreldwye kunshoof van Strauss & Co.

Hy voeg by dat werke van Alexis Preller en Maggie Laubser steeds in aanvraag is, terwyl goeie verkope uit belangrike private en korporatiewe versamelings 'n sterk aanduiding is dat die mark in 2027 verdere momentum kan opbou.



John Meyer se *Odysseus* in akriel wat die rekordprys op Strauss & Co se kunsveiling behaal het. Foto: VERSKAF

Preller se *Mapogga Temple* (1952) is vir R3 431 250 ($202 201) verkoop, en sy *Sandals on the Beach* (1948) vir R2 401 875 ($141 541).

Drie werke van Laubser het pryse van sowat R1 miljoen behaal, naamlik *Figure of a Girl with Ducks in a Landscape*, *Portrait of a Young Woman* en *Lilies in a Blue Vase*.

Ander noemenswaardige verkope was Gerhard Marx se bronsbeeld *Scion (Child)* (2013) en Edoardo Villa se model vir *Column of African Life Centre*.

Werke uit die versameling van adv. Ruth Kuper SC, een van Suid-Afrika se eerste vroueregsgeleerdes, het ook goed gevaar.

Daaronder is George Pemba se waterverfskildery *Young Boy and Tram, Market Square, PE*, Irma Stern se *Figures in Boats*, Gerard Sekoto se *Three Figures in the Street* en *Yard in Sophiatown*.

Laasgenoemde is vir R2 516 250 ($148 281) van die hand gesit.

Anton van Wouw se bronsbeeld *Bushman Hunter* (1902), wat deel was van die Sanlam-kunsversameling, het aandag getrek en is vir R924 200 ($54 462) opgeveil.

– Kunsredaksie

Romeo en Juliet vol aksie, growwe kostuums

Wayne Muller

Opera: *Roméo et Juliette* van Gounod met Kaapstad Opera. Kunstekaap-teater.

Soos 'n goeie aksiefliek kan opera met 'n bietjie skop, skiet en swaardswaai jou ook na jou asem laat snak.

Dit kry Gounod met aangrypende musiek goed reg in *Roméo et Juliette*.

Dié Franse komponis verpak Shakespeare se allergewilde verhaal van die twee verliefde tieners in musiek wat sowel die diepgesetelde haat tussen die twee strydende families as die onskuld van jeugdige verliefdheid vasvang.

Roméo et Juliette, wat Woensdag in die Kunstekaap-teater geopen het, is 'n goed opgesomde weergawe van die Montagues en Capulets se generasies lange vete wat tot 'n tragiese punt gedryf word bloot omdat Romeo Montague en Juliet Capulet op mekaar verlief raak.

Die katalisator vir die tieners se dood is 'n geveg waarin Juliette se neef Tybalt Roméo se vriend Mercutio vermoor, waarna Roméo inspring en Tybalt vermoor. Gounod kleur hierdie toneel in spanningsvolle musiek in.

Al het Shakespeare reeds vir 'n boeiende verhaal gesorg, vorm Gounod se musiek 'n laag van intrige en oorweldigende emosies, wat dalk minder so is in Bellini se Italiaanse weergawe, *I Capuleti e i Montecchi*, wat in 2019 in Kaapstad opgevoer is. (Maar dis dalk 'n sinlose vergelyking omdat die twee komponiste 'n generasie van mekaar in verskillende kulture geleef het.)

Marcus Desando se inkleding verplaas *Roméo et Juliette* na 'n eietydse milieu, met graffiti en 'n byna avant-garde-grunge-styl en 'n groot skeut *Mad Max* in die stel- en kostuumontwerp.

Dit voel half strydig met die opwellende romantiese musiek en speelsheid wat 'n mens vind in iets soos Juliette se gewilde aria, "Ah! Je veux vivre".

Soos dikwels met historiese operas wat na die hede verplaas word – hoe universeel die temas ook al mag wees – is daar anachronismes en wankelrige logika: Soos die tieners wat selfone het, maar niemand kon 'n handgeskrewe brief by Roméo betyds voor Juliette se versinde dood uitkry nie; dalk was die selfoonnetwerk af.


Waar Desando se styl ten beste werk, is juis in die genoemde Tybalt-gevegstoneel: donker, grinterig en aangrypend. En saam met Tailyn Ramsamy se choreografie van die uitgebreide geveg kom musiek, regie en ontwerp soos 'n goeie resep byeen.



Die Capulet-familie van Juliette. Foto's: DANIEL R. MANNERS



Juliette (Brittany Smith) en haar Romeo (Lukhanyo Moyake).



Nica Reinke is te sien as Stephanô in *Romeo et Juliette*.

Te midde van al die verhoogdrama is daar ook uitstekende sang gelewer. Myns insiens pas die rol van Juliette vir Brittany Smith beter as enige van die rolle waarin Kaapse gehore haar die laaste paar jaar gehoor het. Sy het korte mette van vinnige lopies en hoë note gemaak. Maar dis nie net koloratuurvernuf wat dié rol verg nie; by tye moet die sopraan swaar liriese dele ook sing – en dit kon sy ook met uiterse gemak doen.

Met Roméo het Lukhanyo Moyake weer eens sy veelsydigheid gewys – sy groot tenoorstem het 'n priemende klank. Hy vertolk oortuigend in sang én toneelspel, en daar is nie 'n oomblik se insinking nie.

Mongezi Mosoaka as Tybalt was ewe imponerend met sy helder tenoorklank. Conroy Scott (Capulet, in 'n baie ongemaklike grys baard) en Nonhlanhla Yende (Gertrude) was weer eens staatmakers met hul vertolkings.

Riaan Hunter het Mercutio groot gespeel, terwyl Graham Bourne 'n statige Vader Laurent uitgebeeld het. Dan het die twee nuwe stemme – Nica Reinke as Stéphano en Ryan Hurst as Gregorio en Paris, wat ook groot potensiaal met hul sang getoon het.

Kamal Kahn se musikale interpretasie en leiding van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes was puik en het gesorg vir 'n aand van goeie opera.

Gounod se *Roméo et Juliette* is dalk nie so gewild soos sy *Faust* nie, maar daar is heelwat musikale pêrels wat jou sal prikkel. En dalk sorg die aksie en growwe kostuums ook vir 'n paar prikkels.

■ **Tot 29 November.**